# MONDELINGE PROJEK

*deur*

**Deanwill Krotz**
YearBeyond Placemaker programme




# BELLA VISTA

## 'n Historiese oorsig

*Verwerkings Togryers museum*
*Taalversorging Jacob Rooi*
*2022*

# DIE EERSTE JARE VAN BELLA VISTA, VROEëR GEBIED K



“Reeds sedert die middel van die sestigerjare het die stadsraad en die afdelingsraad van Ceres ondersoek ingestel na geskikte grond vir stedelike uitbreiding. Na aanleiding van 'n aansoek van Ceres Fruit Growers vir uitbreiding van hul onderneming en huisvesting van hul werknemers het die afdelingsraad gedurende 1965 'n koop-opsie op die grond waar Bella Vista sou ontstaan, geneem by die eienaar, ene mnr. Deetlefs. Die gunstige ligging daarvan in verhouding met Ceres, PA Hamlet en Skoonvlei Nywerheidsgebied, asook die toeganklikheid in soverre dienslewering en hoofpadtoegang betref, was deurslaggewend. Namate die stadsraad se entoesiasme toegeneem het vir die ontwikkeling van die gebied vir stedelike doeleindes, het die afdelingsraad se lede wat Ceres dorp verteenwoordig het, se teenkanting gegroei. In 1967 is die destydse Departement van Beplanning wat o.a. gemoeid was met die afbakening van groepsgebiede, by die saak betrek. Gedurende 1968 en 'n groot deel van 1969 is talle vrugtelose samesprekings gevoer tussen die stadsraad, Afdelingsraad en Departement van Beplanning.

Die aardbewing slaan toe op 29 September 1969 en dryf die saak op die spits. Die statutêre openbare ondersoek van die Groepsgebiederaad vind op 20 Oktober 1969 plaas

# NEW TOWN FOR CERES

## Integrated Community for Coloureds

CERES

Comprehensive plans are being prepared for the development of a fully integrated new Coloured township between Ceres and Prince Alfred Hamlet, *Our Courier* learnt here this week. The township is being planned to accommodate a population spill-over from these two towns.

The Department of Community Development has obtained an option on 200 morgen of farmland for the establishment of this new township. Permission has been granted for a contour survey to be made of the site.

Provision is to be made for houses, schools, churches, shops and recreational facilities. Adequate open spaces will be provided consistent with the principles of modern town planning.

This new project is very much part of the general development which seems to be going on in every corner of the reconstruction area. It has been confirmed that a housing shortage existed in many places even before the disaster.


This project has no relation to the R2 million expenditure already approved by the Government for the construction of 1,100 permanent Coloured houses in the area. It is seen as a natural growth point for the communities involved and will offer fresh opportunities for local Coloured entrepreneurs.

Completion of a contour survey of the site will provide the basic data for town planning. There will be three levels of housing: sub–economic and economic housing as well as a self-help scheme through which occupants may become owners.

Provision is being made for primary as well as secondary schools.

It is understood that while a blue-print for the town's development still has to be produced, the land is being regarded initially as a suitable site for emergency Coloured housing.

The township will provide accommodation for both rural and town labour.





ONS · OUR

COURIER

AMPTELIKE MONDSTUK VAN DIE BOLANDSE RAMPKOMITEE.
OFFICIAL ORGAN OF THE BOLAND DISASTER COMMITTEE.

No. 6 19 : 12 : '69


OPGEDRA AAN ALMAL WAT HULP VERLEEN HET EN WAT NOG MEEDOEN AAN DIE HEROPBOUING EN RESTOURASIE VAN EEN VAN DIE FRAAISTE STREKE VAN ONS LAND.
DEDICATED TO ALL WHO HAVE HELPED AND ARE STILL PARTICIPATING IN THE REBUILDING AND RESTORATION OF ONE OF THE MOST BEAUTIFUL REGIONS OF OUR COUNTRY

Op 6 November 1969 neem die stadsraad kennis dat Gebied K as kleurlinggroepsgebied goedgekeur is, en word die Munisipaliteit as behuisingsbehoeftes (300 eenhede) aan die Departement van Gemeenskapsbou oorgedra vir opname in die eerste skema. Terwyl die eerste fondamente van huise gebou word en die munisipale personeel spook met die aanlê van dienste, verkryging van oorgangsregte en finansiering daarvan, word ernstige bewaar aangeteken deur die Kleuringlingbestuurskomitee op Ceres. Die betrokke ministers probeer alle partye tevrede stel toe die proklammering van Gebied K as kleurlinggroepsgebied in die staatskoerant van 15 Mei 1970 verskyn.



# SPANNING LAAI OP, WAARSKU KLEURLING-BESTUUR

**Van Ons Spesiale Verteenwoordiger**

CERES.

DIE Kleurlingbestuurskomitee op Ceres is baie ontsteld oor die proklamering van Gebied K tot 'n Kleurlinggebied en die deproklamering van die toekomstige Kleurlinggebied wat aan die bestaande Kleurlingwoonbuurt lê.

Die bestuurskomitee waarsku ook dat 'n onrusbarende hoë spanning en ontevredenheid oplaai oor die persverklaring dat die bestaande Kleurlingwoonbuurt sal verdwyn.

Die bestuurskomitee het op sy jongste vergadering eenparig besluit:

„Dat hierdie vergadering van die Kleurlingbestuurskomitee van die Kleurlinggroepsgebied op Ceres met groot ontsteltenis kennis geneem het van die proklamering van Gebied K tot 'n Kleurlingsgroepsgebied en hy ag dit sy plig om hiermee eenparig onder die aandag te bring:

„(a) Dat daar 'n onrusbarende hoë spanning en ontevredenheid onder die Kleurlinge op Ceres aan die oplaai is oor die proklamering en die persverklaring dat die huidige Kleurlinggebied mettertyd sal verdwyn;

„(b) Dat die bestuurskomitee oortuig is dat die broodnodige rassevrede versteur word;

„(c) Dat die bestuurskomitee die Verteenwoordigende Kleurlingraad se Uitverende Bestuur onmiddellik van hierdie ontevredenheid, spanning en teenkanting van gekleurdes op Ceres in kennis wil stel met die versoek dat daadwerklike stappe deur die Uitvoerende Bestuur geneem sal word om die Kleurlinge op Ceres se belange bevredigend te behartig."

# Beraad in Kaap oor Ceres

**'N AFVAARDIGING van Kleurlingleiers van Ceres het gisteroggend sowat drie uur samesprekinge gevoer met die vyf lede van die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoordigende Kleurlingraad. Die omstrede Gebied K, die behoud van die bestaande Kleurlingwoonbuurt en die woningnood op Ceres is bespreek. Mnr. F. L. Gaum, Kommissaris van Kleurlingsake, was ook teenwoordig.**

Ná afloop van die samesprekinge is besluit om 'n gesamentlike persverklaring uit te reik en geen verdere inligtinge oor die samesprekinge aan die pers te verstrek nie.

In die persverklaring word die samesprekinge as simpatiek bestempel. Die Uitvoerende Bestuur gee die versekering dat hy sy uiterste bes sal doen om te verseker dat die Kleurlinge van Ceres hul bestaande gebied behou. Die toekomstige Kleurlinggroepsgebied wat gedeproklameer is, moet vir die Kleurlinge behou word, lui die verklaring.

„Die Uitvoerende Bestuur het kennis geneem dat die afvaardiging volkome gekant is teen gebied K en onderneem om die saak so aan die Minister van Kleurlingsake en Beplanning oor te dra asook die afvaardiging se versoek dat die bestaande gebied ooswaarts uitgebrei word.

„Wat die bestaande gebied betref, is die Uitvoerende Bestuur self van voorneme om die Laerskool Ceres van agttien tot 24 klaskamers uit te brei sodat dit as middelbare skool kan dien.

„Voorts is die beplanning van die Laerskool Morrisdale in 'n gevorderde stadium en die oprigting sal teen 1971 voltooi wees.

„Die Uitvoerende Bestuur sal verder vertoë tot die betrokke liggame rig om die verskaffing van doelmatige huisvesting te bespoedig met die oog op die nat en koue weer," lui die verklaring.

Die lede van die afvaardiging was mnr. Solly Essop, I. H. G. ?endse, S. G. Smith, C. W. Neethling, W. Isaacs, C. J. Higgins sr., C. J. Higgins jr., Y. Rhoda en dr. H. M. Beets.

Lede van die afvaardiging het gisteroggend voordat die samesprekinge begin het, aan Die Burger gesê dat hulle teleurgesteld is dat die Minister van Kleurlingsake en Beplanning, mnr. J. J. Loots, nie teenwoordig kon wees soos hulle versoek het nie.



# Hoekom Kleurlinge Nie Gebied K Wil Hê Nie

*DIE KLEURLINGAFVAARDIGING van Ceres wat Donderdag die Minister van Kleurlingsake en Beplanning, mnr. J. J. Loots, oor die omstrede Gebied K en die kritieke woningnood op Ceres wil spreek. By hulle staan mnr. I. S. Petersen, L.K.R., wat Saterdag spesiaal die vergadering op Ceres bygewoon het waar die afvaardiging saamgestel is. Voor (v.l.n.r.) staan dr. H. M. Beets, mnr. Petersen, mnr. Solly Essop, L.K.R. vir Bokkeveld en leier van die afvaardiging, mnre. C. J. Higgins sr. en W. Isaacs. Agter staan mnre. C. J. Higgins jr., Y. Rhoda, I. H. G. Arendse, S. G. Smith en C. W. Neethling.*

*2 Junie 1970*
*Die Burger*

**Van Ons Spesiale Verteenwoordiger**

**CERES.**

**DIE Regering se beleid is sentralisasie. Dit spreek daarom vanself dat Ceres nie twee Kleurlingwoonbuurte kan hê nie. Die bestaande Kleurlingwoonbuurt moet vergroot word of ál die Kleurlinge moet mettertyd na Gebied K verhuis. Weens sy beleid kan die Regering nie anders nie en juis daarom moet die totstandkoming van Gebied K volkome verwerp word.**

Só het mnr. S. G. Smith, lid van die Kleurlingafvaardiging van Ceres wat die Minister van Kleurlingsake en Beplanning, mnr. J. J. Loots, Donderdag in Kaapstad oor Gebied K en die kritieke woningnood op die dorp wil spreek, Saterdagaand hier gesê. Hy was een van talle sprekers op die vergadering in die saal van die H. M. Beets-kinderbewaarskool waar die afvaardiging saamgestel is.

Hoewel die plegtige versekering wat dr. Carel de Wet onlangs as Minister van Beplanning gegee het, nou blykbaar nie nagekom gaan word nie en dit lyk of die Kleurlinge mettertyd almal na Gebied K verskuif gaan word, het die Kleurlinge nog nie hul vertroue in die blankes verloor nie. Die oorgrote meerderheid van Ceres se blankes steun die Kleurlinge en verwerp ook Gebied K, het mnr. Smith gesê.

Mnr. Solly Essop, L.K.R. vir Bokkeveld en leier van die afvaardiging, het gesê dat hy diep geskok is om te verneem dat mnr. Tom Swartz, voorsitter van die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoordigende Kleurlingraad, die totstandkoming van Gebied K goedgekeur het. Mnr. Swartz het versuim om hom as die betrokke L.K.R. en die Kleurlinge van Ceres in die saak te ken.

Die vergadering het eenparig besluit om Gebied K volkome te verwerp en die saak ook met die Minister te bespreek.

**NOU WEER?**

'n Ander spreker het gesê dat Gebied K tussen die blanke woonbuurt van Ceres en Prince Alfred Hamlet lê. Na gelang dié woonbuurte groei en al nader en nader na Gebied K kruip, kan die toe-

*vergadering op Ceres bygewoon het waar die afvaardiging saamgestel is. Voor (v.l.n.r.) staan dr. H. M. Beets, mnr. Petersen, mnr. Solly Essop, L.K.R. vir Bokkeveld en leier van die afvaardiging, mnre. C. J. Higgins sr. en W. Isaacs. Agter staan mnre. C. J. Higgins jr., Y. Rhoda, I. H. G. Arendse, S. G. Smith en C. W. Neethling.*

**PEERBOME**

Mnr. I. H. G. Arendse, hoof van die laer skool in die Rooikamp, het gesê dat sy skool al kinders op die pad wat langs Gebied K na die dorp loop, in ongelukke verloor het. Dit is 'n besonder woelige pad met swaar verkeer. As die Kleurling-woonbuurt daar ontwikkel word, sal dit net erger word. Hoogspanningsdrade loop ook oor Gebied K. Die ontwikkeling van Gebied K sal die Kleurlinggemeenskap geweldig ontwrig, het hy gesê.

Die natuurlike en aangewese gebied in die uitbreiding van die Kleurlingwoonbuurt is die tans geproklameerde gebied. Die eienaar van die plaas is boonop bereid om sy grond te verkoop. Daar is ook nog baie grond in die bestaande Kleurlingwoonbuurt self, het hy gesê.

Dr. H. M. Beets, N.G. sendingleraar op Ceres en voorsitter van die Kleurlingbestuurskomitee, het gesê dat die gedeproklameerde gebied aangekoop moet word, al is dit duur.

As die Regering sy beleid wil uitvoer, moet hy daarvoor betaal. Die geluk van mense behoort immers swaarder te weeg as peerbome.

Die bewering dat 'n deel van die grond laagliggend is langs die rivier en die grond in die gedeproklameerde gebied dus nie geskik is vir woningbou nie, gaan net nie op nie.

Mnr. Arendse het gesê dat daar onmiddellik huisvesting verskaf moet word aan die mense wat nog in hokke of tente woon. Dit is bitter om die winter in 'n tent te moet deurbring. Blankes wat in tente woon, kan getuig hoe koud dit word.

Baie tente lek en as dit baie gereën het, loop die water onderdeur die tente. Die hele wêreld is nat en klam. Dit skep 'n toestand wat siektes aanhelp.

Mnr. Essop het gesê dat die soort huis wat nou vir Kleurlinge gebou word, uiters onbevredigend en baie ongesond is om in te woon. Die huise is nog nie klaar gebou nie en daar kom al barste voor. Die mure is met sementstene gebou. Ceres is 'n nat streek met strawwe winters. Sulke stene behoort glad nie in so 'n gebied gebruik te word nie.

Die huise is baie koud van binne en mense verwys daarna as koelkamers. Die meeste mense verkies die ongerieflike tente bo sulke huise, het hy gesê.

Mnr. Essop het voorts gesê dat die aardbewing in September reeds plaasgevind het. Dit is nou al Junie en bloedweinig is vir die Kleurlinge gedoen.

'n Ander spreker wou weet waarom 'n sekere blanke hotel etlike duisende rande kon kry, terwyl Kleurlinge nog niks van die rampfonds gekry het nie.

Die lede van die afvaardiging wat die Minister wil spreek, is mnr. Solly Essop, dr. H. M. Beets, mnre. I. H. G. Arendse, S. G. Smith, C. W. Neethling, W. Isaacs, C. J. Higgins sr., C. J. Higgins jr. en Y. Rhoda.

Die volgende dag reik die kabinet 'n persverklaring uit wat daarop neerkom dat Gebied K die dorp van die toekoms is en dat bestaande kleurlinggroepsgebiede in Ceres dorp self mettertyd sal verdwyn. Die stadsraad reageer heftig op die verklaring en wys daarop dat Gebied K as bykomende stedelike ontwikkeling beskou moet word en dat die bestaande kleurlinggroepsgebiede onversteurd toegelaat moet word om tot volle potensiaal te ontwikkel. Die oprigting van huise en aanlê van dienste gaan voort, dog so ook die politieke druk van die beswaarmakers. Op 29 Maart 1971 neem die stadsraad kennis dat die regering alle verdere uitbreidings by Gebied K bevries het, hangende verdere ondersoeke. Die stadsraad sou op 1 April 1971 die eerste van die 300 wonings oorneem van die Departement van Gemeenskapsbou dog onttrek hulle toe van hierdie onderneming in die lig van die verwikkelinge. Die minister van Beplanning stel 'n Gidsplankomitee van die Beplanningsadviesraad van die Eerste Minister aan om weer op die hele saak in te gaan en die eerste vergadering van die komitee word op 5 Mei 1971 te Ceres gehou. Die Departement van Gemeenskapsbou (19/5/71) en die Provinsiale Administrasie (25/5/71) versoek die munisipaliteit om intussen die toekenning en verhuring van die huise te Gebied K te behartig.

Eers op 1 Mei 1972 aanvaar die minister van Beplanning die verslag van die Gidsplankomitees met die hoofaanbevelings:

- dat die bestaande kleurlinggroepsgebiede in Ceres-dorp tot volle potensiaal ontwikkel word met bepaalde uitbreidings vir ontspanningsdoeleindes (Die Eiland Vakansieoord) en onderwysdoeleindes (die latere Ceres Sekondêr)
- dat Gebied K as aanvullende dorpsgebiede beskou word.

Die stadsraad doen op 3 Julie 1972 by die Administrateur van die Kaapprovinsie aansoek vir die inlywing van al vier sones van Gebied K by die munisipale gebied en op 21 Mei 1973 word die naam Bella Vista ("Mooi Uitsig") aan die dorpsgebied toegeken.

Die pad was toe oop vir die verdere ontwikkeling van die woonbuurt en die oprigting van openbare geriewe soos 'n poskantoor, kerke, skole, 'n kliniek, gemeenskapsaal en biblioteek, sportgeriewe en in onlangse jare, 'n swembad en hoërskool.*( Museum-rekords)*



*Tipiese huis van destyds in die Ou Blok*



*Beginjare van Bella Vista, Nuwe blok in aanbou.*

***Inwoners se onthou van die beginjare van Gebied K/Bella Vista***

***Jan Douries** onthou" Oral teen die heuwel en tot waar die Nuwe blok en tot teen die grens met Paardefontein was daar kort bossies met sulke helder geel blomme. vandaar Geelbosrug. So min of meer waar die Anglikaanse Kerk nou is, was daar so n klein melk plasie/ plekkie. Daar was geen uitgelegde strate, of elektrisiteit. nie. Die nagwa het ook nog diens gedoen. Ek onthou dat in 1971 was die eerste huise nog in aanbou. Ons het in 1972 ingetrek en toe was daar nog nie strate of randstene nie. Die plek waar hulle die sementstene gemaak het, is min of meer waar die PPK nou is. Ek was toe 14 jaar oud.*

***Susan-Anne Jacobs-Hull** onthou: "In 1970 toe was daar net 4 strate waarin mense gewoon het, D-straat, E-straat, F-straat, en G-straat. Die huise oor die pad by G-straat was in aanbou. Alle kinders het by Morrisdale Primêr ( St Andrews skool) en Vreeland Primêr skoolgegaan. Oom Paul Peres het R1 per week vir die bus gevra laterjare. Soms het ons ouers nie eens busgeld gehad nie. Ekt dan die hele Maandag omgehuil, want ek was lief vir skoolgaan, maar dit was goeie jare. In 1977 is Mooi Uitsig ge-open en ons trek almal daarheen. Sommige per bus en ander deur die sandduine."*

***Kolie Paulse** onthou" Eish onthou soos gister, die verskuiwings van bruinmense uit Ceres na Gebied K (kleurling). Ons huisadres was E-Straat 254.Strate het nie name gehad ,maar letters van die alfabet."*

***Colleen de Bruyn Geldenhuys** "Ons het 5 November 1982 Nuwe Blok toe getrek. Ons was van die eerste inwoners toe Darlingstraat en Karoostraat se huise klaar gebou is."*

***Seromia Koopstad Moses** "Jinne dis nou n mooi memory pic . Jaa oorlede anti Lilly Maart en oom Anton Johnsons se mobiles gewees . Daai tyd toe kry mens nog jou lekkers in 'cone vormige papier"*

***Nicolett**e "Ja ons het ons lekkers wat ons genoem oumens drolle en appelkosies daar by Antie Lillie se winkel gekoop"*



*Die eerste huis wat as model huis gebou is*




*Grensstraat is die straat tussen Ou-en Nuwe Blok.*

Bella Vista bestaan uit vier dele: Ou blok, Nuwe blok, Ice Cream-blok en Kleinhuisies.

A - Ou blok: dit is die oudste blok, want is heel eerste gedurende Gebied K ontwikkel.

B - Nuwe blok: dit is die blok wat gebou was na Oublok en was verwys na Nuwe blok, omdat dit op daardie oomblik ‘n nuwe ontwikkeling was.

C- Ice Cream blok: die naam kom van die huise se kleure af. Die huise was verskillende tipes helder kleure gewees.

D - Kleinhuisies: dit word Kleinhuisies genoem, omdat die huise slegs een slaapkamer het



## *Bella Vista Vandag:*




*Gemeenskapsaal*




*Biblioteek*






*Kliniek*







*Swembad*



*Sportgronde*

# MOOI UITSIG PRIMêR




In die vroeë 1970's was Vreeland Primêr al skool wat leerders van die omliggende omgewing geakkommodeer het. Mnr Herman Wildschutt was destyds skoolbestuurder by Vreeland Primêr. Van sy personeel en leerders het deur die sandduine vanaf Bella Vista na Vreeland geloop. Weens die groot behoefte aan 'n eie skool is die eerste Laerskool in Bella Vista op 12 April 1977 geopen.

1977–Leerkragte: Mnrre. HD Wildschutt, C. Brown, K. Klaasen, J. Noch, Mevv. L. Titus, E. Bailey, M. Nasson, M. Muller, T. Van Onselen, A. Klaasen, L. Philander, Me. M. Mepomie, J. Zimri, M. Muller, C. Geldenhuys, M. Hofmeester, C. Langeveldt, S. Reitz, C. Theunissen, Nie-doserend: Mnr. P. Van Rooi



*Mnr H.D. Wildschutt*



Dit het aanvanklik as Ceres No.3 bekend gestaan. Dit was omdat dit die derde groot laerskool was in die Ceres-omgewing. Op 4 Oktober 1980 is die die skool ingewy en is die naam verander na Mooi-Uitsig Primêr. Die naam Mooi Uitsig Primêr kom vanaf die woonbuurt Bella Vista, wat "Mooi-Uitsig" in Italiaans beteken. Die inwydingseremonie van die skool is deur die voormalige Direkteur van Onderwys, wyle mnr. A.J. Willemse, waargeneem.



EKSTRA-RAPPO...

# HERNUWING DANKSY AARDSKOK

DIE primêre skool Mooi-Uitsig op Ceres is voorverlede Saterdag amptelik geopen deur mnr. A. J. Arendse, Direkteur van Onderwys. Van links staan mnre. R. Fredericks (streekverteenwoordiger), H. D. Wildschutt (skoolhoof), A. J. Arendse (direkteur), W. E. Hendricks (hoofinspekteur) en F. Badenhorst (inspekteur). (Foto: L. A. Davids)

Van Lennie Davids

„DIE opening van 'n onderwysinrigting, veral 'n primêre skool, is 'n baie belangrike gebeurtenis want dit gaan oor die toekoms van die kind. Die nuwe uitbreiding op Bella Vista het sy ontstaan te danke aan die aardskudding. Gevolglik het daar op skoolgebied probleme ontstaan. Skole moes bymekaar staan om die akkommodasieprobleem die hoof te bied." So het mnr. A. J. Arendse, Direkteur van Onderwys van die Administrasie van Kleurlingsake, gesê toe hy die primêre skool Mooi-Uitsig op Ceres geopen het.

Direkteur het sy dank ...ek teenoor onderwys... van die betrokke ...ewillig was om die ...sieprobleem te ... Nieteenstaande ...t verduur is, ...ysprogram ... Arendse ... her- ...er

dat dit sinvol is vir 'n lewe wat voortgaan.

Op opvoedkundige gebied is 'n groot deurbraak gemaak deurdat Worcester binnekort sy eie Opleidingskollege sal hê. Hierdie geriewe sal verskaf word by die Opleidingskool Söhnge en sal Worcester en omliggende gebiede bedien.

„Ons lewe in 'n wêreld wat snel verander en die mensdom sukkel om by te hou. Ons het ...ense nodig op tegniese ge... ook medici, juriste, on... ...ense en vele ander," ...dse gesê.

MEV. A. J. ARENDSE onthul die gedenkstee... van die primêre skool Mooi-Uitsig o...

Die skool se hoeksteen is deur die destydse skoolkomitee geskenk en deur mnr. Japie Rooi opgerig. Aanvanklik was daar net 677 leerders in die skool. Die skool het bestaan uit twee klasblokke, twee toiletkamers en 'n kantoor. Die meeste leerders was van Bella Vista en ander van die omliggende plase rondom Bella Vista.




MEV. A. J. ARENDSE onthul die gedenksteen by die amptelike openin... van die primêre skool Mooi-Uitsig op Ceres. (Foto: L. A. Davi...



Die skool het die breë gemeenskap gedien op opvoedkundige, geestelike en maatskaplike vlakke onder die bekwame leiding van wyle mnr. Wildschutt.

Dit was gou duidelik dat die skool ‘n groot bate vir die jong gemeenskap sou wees. Weens die behoefte aan ’n kerkgebou of saal, moes die skool ook as kerkgebou gebruik word. Dienste en bidure en ander kerklike byeenkomste is gereeld by die skool gehou.

Pastoor C. Rhode het die skoollied geskryf. Mnr. E.S. Gorden was Mooi Uitsig se eerste beheerliggaam voorsitter.

Na die aftrede van mnr. Wildschutt is die leierskapverantwoordelikheid aan Mnr.I J. Philander opgedra, wat voort moes bou op die hoë standaard wat gestel is. Onder sy bekwame leiding kon die skool sy mondigwording vier met ‘n formele seremonie op Saterdag 25 April 1998. Hy het voortdurend die belangrike rol van ouers benadruk indien die skool sy leuse, naamlik “Strewe na Uitnemendheid” ten volle wil nastreef.

.



*Mnr I.J. Philander*




*Mev C. Kayer*

1998 aanvanklik eers waargeneem het as prinsipaal. Sy maak toe in Januarie 1999 geskiedenis deur die eerste vroueprinsipaal by die skool te word. Tydens haar leierskapstermyn is daar verskeie ontwikkelingsprojekte van stapel gestuur wat onder andere ingesluit het die plaveisel wat in 2005 gelê was, ontwikkeling te opsigte van rekenaargeletterdheid en in die jaar 2000 die hulpbronklas (voorheen eenheidsklas).

Mooi Uitsig het ‘n internasionale vennootskap met die skool Wigo in Essen, België, iets wat deur die twee munisipaliteite (Witzenberg en Essen) bekragtig is, kon die skool ’n saal bou. Die hoogtepunt was toe die skoolsaal, opgerig met die hulp van onder meer die Garden Cities Archway Foundation, op 22 Oktober 2010 ingewy is.




Skoolwapen




Die Skoollied



'n OUD-leerder van Mooi Uitsig primê Gaynor van der Merwe, het dit goedgedin om 'n wisseltrofee, die Gaynor van de Merwe wisseltrofee te skenk aan 'n leerde van Mooi-Uitsig wie die beste vorderin toon. Hier verskyn sy saam met die skoo oof, Caroline Kayer.

Gaynor Wisseltrofee

# BELLA VISTA PRIMêR

BELLA VISTA PRIMARY
ENTER TO LEARN
LEAVE TO SERVE
KENNIS VERLIG
BELLA VISTA PRIMARY

Bella Vista Primêre skool het sy deure op 17 Januarie 1989 geopen. Die bevolkings-ontploffing sedert 1980 het die Administrasie van Kleurlingsake gedwing om die behoefte van ‘n tweede skool in Bella Vista aan te spreek. Dit het daartoe gelei dat die bouwerk aan die tweede skool in 1987 begin en November 1988 voltooi is.



*Lugfoto van Bella Vista Primêr na aanbou*


PERSONEEL VAN 1989



AGTER : *J.L. Philander, J.J. Riddels, E.A. Lintnaar, A.E. van der Merwe, H.A.Brown,*
MIDDEL: *A.P. Manus, D.C. Jansen, I.M. Farmer, M. Carolus, W.J. van der Winter, N.H. Wessels, S.E. Hanse, S.H. McPherson.*
VOOR : *J.U. Jacobs, J.R. Philander, A.M. Philander (Dept. Hoof), S.J. Swartz (Adj. Hoof), E.S. Reid (Prinsipaal).*
*L.A. Juries, E.Flemmit, G.E.Farao.*

*Eerste Personeel na skool gestig is*

Opvoeders van Ceres en omgewing het die opsie gehad om vrywillig deel van die personeel te raak. Die Departement van Onderwys het 'n afgetrede skoolhoof, mnr. Eddie Reid, gevra om die skool in 1989 te begin.
Leerders van Graad 1 (Sub A) tot graad 8 (st.6) het toelating verkry.



*Mnr Eddie Reid*



*Mnr Charles Brown*

Meneer Charles Brown is in November 1989 as die eerste permanente skoolhoof aangestel met ingang 1 Januarie 1990. Die skool het vinnig gegroei en gou op akademiese-, kultuur- en sportgebied met die voorste skole in die omgewing begin meeding.

*Henry Brown*



Op 1 Januarie 2014 vervang mnr. Charles Brown se jonger broer Henry hom as hoof. Mnr. Charles Brown tree toe af na 23 jaar as skoolhoof by Bella Vista. Henry, 'n sportliefhebber en finansiële ghoeroe, bou die skool verder uit en dit bereik goeie Litnum-uitslae onder sy leiding. Die skool lewer toe ook groot getalle provinsiale sportsterre op. In 2019 verlaat mnr. Henry Brown die diens na 30 jaar by Bella Vista Primêr.

Kort voor lank het die skool leerders begin lewer wat vandag hul plek volstaan op verskillende gebiede in die wêreld.

In 1995 het die skool uit fondse wat self ingesamel is, ‘n rekenaarlokaal geopen wat leerders en ouers uit die gemeenskap bekend gestel het aan die wêreld van tegnologie. Vandag spog hulle met twee ten volle ingerigte rekenaarlokale, alles in ‘n poging om beter tegnologies vaardige landsburgers te kweek.



*Rekenaarlokaal in 1998. Links mnr. G Koopman, In die middel mnr. R Koopstad en regs mnr. C Brown*






*Cerom projek, 1998*




*Cerom Projek, 1997*



T*rompoppies, 1998*

## *Skoollied*

*Aan ons skool wy ons, ons beste ons talente en ons krag*
*Dis ons strewe slegs ons beste elke oomblik, elke dag*
*Ons is toegewyd en eerlik en ons almal ken ons plig*
*Ons werk hard vir elk oorwinning en ons glo: Kennis Verlig*

*Bella Vista, Bella Vista*
*Dis ons trots, ons roem, ons naam*
*Aan jou sal ons altyd trou bly,*
*want ons bou ons toekoms saam.*

*Smaak ons eendag die oorwinning en behaal ons die sukses*
*Sal weet dit is die vrugte van ons werk, van elke les*
*Dan sal ons met vreugde t'rugdink want ons het dit hier geleer*
*Al die mooi en goeie gawes kom van Hom, ons God en Heer.*

*(Woorde en Lirieke deur E.W. Leukes & G.J. Koopman)*

Die skool het tans (2022) 36 personeellede wat daagliks die leerders van Bella Vista en omliggende plase voorberei om positiewe inwoners en landsburgers van Suid-Afrika te word.



# BELLA VISTA HOëRSKOOL







Bella Vista Hoër is die enigste hoërskool in Bella Vista. Op Vrydag 21 Julie 1995 het die skool sy eerste personeelvergadering gehou. Op die Maandag daarna, 24 Julie, was dit die eerste skooldag.

Toe leerders dié Maandag aantree by die skool was daar geen banke of tafels, nie, net die gebou. Die onderwysdepartement het op die eerste dag van die skool die banke en ander meubels aangery. Om te begin het die skool stoele by St. Matthews Anglikaanse Kerk geleen vir die onderwysers. Die eerste prinsipaal, wyle mnr. Peter Weitz, word as volg aangehaal: *"As die waarnemende hoof was dit my taak om die onderrig aan die gang te kry en ek het baie gou besef dat dit nie gaan om die aanry en die rondskuif van skoolbanke nie, maar oor 'n veel ernstiger saak. Ek het besef dat ons hier besig was om 'n plek gereed te kry waar mense, kinders en leerders voorbereiding / onderrig moet ontvang vir 'n lewe daarbuite. Ek het besef dat die saak veel ernstiger is as wat baie van ons gereken het. Baie gou kon ek daardie besef ook in die res van die span sien"..*



*Mnr. P.I Weitz*




*Eerste Onderwysers*

Bella Vista Hoër het begin met net meer as 500 leerders en 19 onderwysers, een administratiewe klerk en drie nie-doserende personeel.




***EERSTE BEHEERLIGGAAM...AGTER: J. Douries, P. Geldenhuys, J. Thomas, T. Afrika, W. Gouws, E. Lintnaar. VOOR: L. va Rooy, D. Wildschutt, J. Meyer (Voorsitter), K. Adams, P. Weitz (Skoolhoof) en R. Lintnaar.***

*Eerste Beheerliggaam*



*DIE nie-doserende personeel van Bella Vista Hoërskool. AGTER: Pieter Geldenhuys (die opsigter), Stephanie Vergotine (admin-klerk) en Francois Jacobs (skoonmaker). VOOR: Beula Wildschutt (admin-klerk), Peter Weitz (skoolhoof) en Mary Muller (skoonmaker)*

*Eerste nie-doserende personeel van Bella Vista Hoër*




*Eerste matriekklas 1998*

Tien jaar later het die skool 1300 leerders, 37 onderwysers, twee administratiewe klerke en steeds drie nie-doserende personeellede gehad. Mnr Weits was baie gelukkig dat die skool na 1994 geopen het, want hulle kon die skool in ’n totale nuwe era van die land se geskiedenis open.




Bella Vista Hoërskool het elke jaar goed presteer op akademiese asook sportgebied. Jaarliks was daar leerders wat streek-en provinsiale kleure verwerf het. Die skool is tans (in 2022) 27 jaar oud en is steeds besig om te groei. In die afgelope 27 jaar was daar drie hoofde, naamlik mnre. Weitz, Bennie Leendertz en juffrou Desiré Pharo.



# PERES & WILLIAMS BUSDIENSTE



Paul Peres, 'n boorling van Eselbank Wupperthal, begin sy werksloopbaan by Ceres Central Motors. Nie lank daarna in die laat 1950's bou hy sy eerste bus en in die 1970's stig hy sy eie besigheid, Peres & Seuns Busdienste, tesame met sy seuns Johannes (Koos), John (Plom) en Paul (Pauli). Die Peres familie was destyds woonagtig te Morrisdale – 'n plek wat vandag nog bekend staan as "Die Gat".

Peres & Seuns Busdienste is een van die eerste busdienste wat deur 'n bruin man in die Ceres omgewing gestig is. Vroeër jare toe die eerste inwoners na Bella Vista getrek het, is die busdiens gebruik om die mense na en van Ceres te vervoer, in samewerking met taxi-eienaars. Die busdiens het later ook werkers van al die fabrieke vervoer asook munisipale werkers, verskeie werkers van plase na Transkei, asook leerders van byna al die skole in die streek. Dus het die busdiens in alle vervoerbehoeftes voorsien.

Paul Peres was getroud met Maria (Reitz) en uit die huwelik is 8 kinders gebore, drie seuns en vyf dogters. Paul Peres was 'n baie nederige, goedhartige mens, iemand wat omgegee het vir sy medemens en sy gemeenskap. Hy sou nie twee keer dink om homself minder te maak om vir ander te gee nie. Sy liefde was so groot dat hy tot sy dogters betrokke en werksaam gehad het by die besigheid. Sy begeerte was om daardeur vir hulle 'n toekoms te gee.

Annie (Peres) Neethling (dogter van Paul Peres) beter bekend as die "Legend" was een van die uitsonderlike drywers. Daar word tot vandag nog van haar gepraat. Sy was 'n goeie drywer en het ook baie sports gemaak. Mense wat haar ken vertel hoe sy ook lekker stout was op haar dae .



# Bekende buseienaar skielik oorlede

**'n JARELANGE inwoner en sakeman van Ceres, is onlangs op die dorp oorlede.**

Johannes Jacobus (Koos) Peres (67) is verlede Dinsdag 5 April oorlede na lang stryd teen suikersiekte.

Oom Koos se pa, Paul, het eers by Ceres Central Motors as werktuigkundige gewerk waarna hy hom ook daar aangesluit het.

Hierna het hy en sy pa Peres en seuns busdiens begin.

In 1972 tree hy in die huwelik met Amalia Visagie en vier kinders, Deon, Jonathan, Steven en Alicia is uit die huwelik gebore.

Oom Koos was vir meer as 30 jaar betrokke by die familie-onderneming en was ook die werktuigkundige.

Hy het latere jare begin sukkel met sy gesondheid. Hy sal onthou word as 'n stil, saggeaarde mens en familieman.

**Begrafnis**

Hy laat sy vrou, Amalia, drie seuns, 'n dogter, drie skoondogters, 'n skoonseun asook sewe kleinkinders en een agterkleinkind agter. " Ons gaan 'n geliefde eggenoot, pa, oupa en vriend mis. Rus in vrede".

Die begrafnis vind plaas op **Saterdag 16 April** om 09:00 by die huis in St. Francisstraat no. 2.

*JARELANGE inwoner en sakeman van Ceres, Johannes Jaco- (Koos) Peres (67), is op 5 April oorlede.*

Oor die jare heen het baie dinge verander. Paul Peres sterf op 26 Februarie 1986, sy seuns Pauli op 14 Mei 1992 en Jakobus op 5 April 2016.



WITZENBERG HERALD Friday, December 18, 20

# 'n Groot seder het geval

**'n GROOT seder het geval.**

John Albert Peres (67) of Plom soos hy regoor die Witzenbergstreek bekend was, het **Sondag 13 Desember** vreedsaam gesterf na hy sy stryd teen kanker verloor het.

Paul Peres, John se pa, was die stigter van Peres en Seuns, een van die eerste busdiens maatskappye in die Ceres omgewing.

John was later 'n uitvoerende direkteur van die onderneming.

Die Peres-familie was woonagtig in Morrisdale - 'n plekkie wat bekend staan as 'Die Gat'. Vroeër jare toe die eerste inwoners na Bella Vista getrek het, is die busdiens gebruik om mense na Ceres te vervoer in samewerking met taxi-eienaars soos Willie Nasson en David Gatyene.

Die busdiens het later ook werkers van al die fabrieke vervoer asook munisipale werkers, verskeie kerkgroepe, toergroepe, verskeie werkers van plase na Transkei, asook leerders van byna al die skole in die streek.

Plom het die gemeenskap gedien.

Een van sy mees bekendste busse was natuurlik 'n luukse toerbus, Coconut Express. Hy het baie beginners in die vervoerbedryf in Ceres gehelp om hul drome te verwesenlik.

Vroeër vanjaar is lewerkanker by hom gediagnoseer.


John was 'n boorling van Ceres, gebore in die vyftigerjare en vierde oudste kind van Paul en Maria Peres.

**Begrafnisreëlings**

Die begrafnis vind **Saterdag 19 Desember** plaas.

*OHN Albert Peres*







*Paul (Pauli) Peres* | *John (Plom) Peres* | *Jakobus(Koos) Peres*

Die besigheid het mettertyd twee naamsveranderinge ondergaan, maar die busdiens bestaan nog onder leiding van Paul Peres se tweede nageslag!

*Sandra May Cronjé (*ook 'n dogter van Paul Peres), getroud met Clive Cronjé (oud onderwyser van Mooi Uitsig Primêr), koop as't ware 'n aandeel in Peres & Seuns Busdiens in 1998 toe die onderneming finansiële skade gely het. Onder Sandra Cronjé en John Peres se leiding gaan dit toe aansienlik beter met die besigheid..



In 2006 sterf Sandra en John Peres gaan voort om die besigheid te bestuur. In 2012 neem Samantha Williams (Sandra se oudste dogter) haar ma se aandeel in Peres & Seuns Vervoerkontrakteurs BK oor. In 2015 word die besigheid se naam weer verander na Peres & Williams Transport (PTY) Ltd met Samantha (Cronjé) Williams as aandeelhouer. Op 13 Desember 2020 sterf John Peres en Samantha gaan voort om die besigheid te bestuur.

*Sandra Cronje Neé Cronje*

Samantha sê: "Solank as wat die Here ons lei, poog ons om ons oupa Paul Peres se wense voort te sit. Om ons gemeenskap te dien, om ons medemens te help, om ons te laat lei deur wat die Here vir ons sê, en om te strewe na die beste maatskappy ongeag wat ons naam is of wie die besigheid bestuur."

"Ons leuse by Peres & Williams Transport (Pty) Ltd bly…
*"Your safety, Our Priority"* en vergewis ons onsself by die skrif van
Filipense 4:13: Ons is tot Alles instaat deur Hom wat ons die Krag gee".



*Huidige span (2022) van Peres & Williams Busdiens.*



*Die eerste Peres Bus*







*Busse se voorkoms het verander deur die jare.  Links is die  huidige busse*

# BELLA VISTA RUGBYKLUB




Die rugbyklub is in Februarie 1973 deur Cupido "Pai" Visagie, Dawid Schippers, Hendrik Afrikaner, Abie Prins en Tempie Huyser gestig.

Die naam van die span het heel eerste as "Young Blues" bekend gestaan. Die span het meegeding teen verskille klubs soos die Rangers (PA Hamlet), Black Leaves (Paardekloof), spelers van Klein Pruise en Red Roses (De Eike). Die gedagte van 'n klub vir Bella Vista het onstaan by die tuin in die Ou blok, waar die jongmanne gereeld bymekaar gekom het om te kuier. Dawid Schippers was die eerste voorsitter van die klub.



*Area waar die gedagte aan 'n klub gebore is. ( Erikastraat)*

Gedurende 1974 het die naam Young Blues na Bella Vista Rugbyklub verander. Die Boland Unie het verskeie rugbyklubs se name verander na die dorpe waarin die spelers gewoon het, bv. Prince Alfred's Hamlet se Rangers wat verander het na Hamlet Rugbyklub (Hamlet RFC). Die embleem het ook eers baie later deel van die klub geword. Volgens oom Tempie het die blom (Varkoor) sy oorsprong in die varkore wat voorgekom het in die area naby die tweede ingang na Bella Vista, by die rivier. Aanvanklik is rugby gespeel op die gronddeel wat vandag beskend staan as die woonbuurt Wildschutte Park, net langsaan Mooi Uitsig Primêr. Dit was maar 'n ongemaklike veld met 'n taamlike helling ( Volgens oom Tempie).

Vandaar het die rugbyveld verskuif na die area waar die huidige kliniek en gemeenskapsaal vandag is. Oom Pai (Cupido) Visagie vertel toe hulle besluit het om die span te begin daar op lamppale geadverteer is vir spelers. Die stigters en spelers moes toe hulle eie veld skep sonder enige hulp die van die munisipalileit.



*Tweede rugbyveld naby die kliniek en gemeenskapsaal*

*Die Young Blues se eerste rugby span*




BELLA VISTA RUGBYSPAN TEEN TULBAGH: AGTER:J.Louw, W.Brugh,A.Boer,
B.Minnaar,B.Minnaar.MIDDEL:T.Huyser, J.Boer,K.Jooste,J.Jooste,A.Sass.
F.Minnaar,G.Krotz,J.Muller (kapt.),R.Louw en A.Rooi. (FOTO: J.ROOI).

*Trofee--uitdeling en dinee-dansparty van Bella Vista rugbyklub*



NOG mooi mense van Ceres. Hulle is die lede van die komitee wat die reëlings getref het vir die genoeglike byeenkoms waarvan ons hierbo melding maak. Van links: mnr. Berend Minnaar, senior klerk by die Du Toit-Boerderye in Ceres en onder-president van die Boland-rugbyliga, mev. Gerty Minnaar, mev. Pat Langeveldt, mnr. Eddie Langeveldt, mev. Wilhelmina Huyser en mnr. Temple Huyser. (Foto: Jacob Rooi)

*Lede van die reëlingskomitee van die trofee-uitdeling en dinee-dansparty*



MOOI mense (mans ingesluit) by die aangename en hoogs geslaagde trofee-uitdeling en dinee-dansparty van Ceres se Bella Vistarugbyklub. (Kyk ook op bladsy nege en op ons sportbladsye.) Hier het u van links: mev. Catherine du Toit en haar eggenoot mnr. Jan Linde du Toit, 'n direkteur van die Du Toit-Boerderye in Ceres; mev. Sunette du Toit en haar eggenoot, mnr. Gys du Toit, 'n direkteur van die Du Toit-Boerderye en gereelde haker vir die Boland-span, en agter staan mej. Edwina le Cordeur, Juffrou Rapport, wat die trofeë oorhandig het. (Foto: Jacob Rooi)



BO: WILLEM BRUGH, loskopstut, is as Sportman van die Jaar vir Ceres se Bella Vista-rugbyklub aangewys. Hier ontvang hy die trofee van Juffrou Rapport, Edwina le Cordeur, by 'n bekeruitdeling en dansparty op Ceres.

# BELLA VISTA WEN MUTUAL-LIGA

CERES se Bella Vista-rugbyklub is die eerste klub in die Ceres-omgewing (Noord-Boland) wat in die Boland se blanke Mutual-liga gespeel het. In sy eie kompetisie het Bella Vista skoonskip gemaak deur die Liga-beker te wen. Hier is van die Bella Vista-manne wat hulle onderskei het. Van links: Barend Minnaar, heelagter wat in die A-span die beste gevorder en ook in die Boland-liga se Juniorspan gespeel het; Jurie Muller, kantman, meeste drieë (8) as voorspeler in die A-span; Karel Jooste, losskakel, meeste punte (93) in die klub; Jacobus Louw, vleuel, meeste drieë (17); Francis Minnaar, voorspeler, wat die beste ontwikkeling getoon het. (Foto's: Jacob Rooi)






**OOM "PAI" CUPIDO VISAGIE**

Cupido "Pai" Visagie is gebore op 30 September 1946. Hy het grootgeword in Prince Alfred's Hamlet en het later na die aardbewing van September 1969 na Bella Vista verhuis. Cupido was een van die stigterslede van Bella Vista Rugbyklub en is welbekend in Bella Vista as "oom Pai" Hy het destyds vir die Rangers van Hamlet gespeel voordat die Young Blues-span ontstaan het in Bella Vista. Oom Pai is baie trots op die klub wat hy help stig het, veral as hy opmerk hoe suksesvol die span op die veld is en hoe die hele Bella Vista agter die span staan.



**OOM TEMPUS (TEMPIE) HUYSER**

Oom Tempie was een van die stigterslede van Young Blues en het self gespeel. Hy was ook ondervoorsitter nadat Bella Vista Rugbyklub al gestig is. Oom Tempus het in 1973 na Bella Vista, toe nog Gebied K, getrek. Hy het 'n huis gekry wat deur die du Toit's gebou is vir hul werknemers. Dit was in Akasiastraat 1. Hy het in 1973 by Du Toit Vrugte begin werk en was 40 jaar werksaam daar.

# REGINA (PAGIE) VAN ROOYEN en LIZA (LILY) MANUEL

Pagie en Lily is susters en huidige inwoners van Bella Vista. Pagie is woonagtig in Mimosastraat 712 en Lily in Frieslandstraat 3. Lily en Pagie het grootgeword in Ceres (Rietvlei), St. Paulstraat 29A, waar hulle saam met hul ouers, Maria en Andrew Nasson, gewoon het. In 1953 is mnr. Nasson oorlede en sy trou toe later met Gawie Goliath.




*Maria (Mieta) en Gawie Goliath*



*Familiefoto van Gawie en Mieta met hul kinders*

Tydens 1960 moes hulle trek na hul ouma se huis in Albert Cresentstraat (Ceres), omdat die munisipaliteit die Rietvallei heruitgelê het. Met die uitbreiding van die strate was hul huis in die pad, wat die verhuising genoodsaak het. Na 3 jaar (1963) het hulle weer na hul boetie Kerneels Frits se ou huis getrek in Henrystraat 4 (Rietvlei), nadat hul oom 'n nuwe huis gebou het. In 1965 wou 'n ‘kerk’ 'n saal bou op die grond waar hulle gewoon het. Die gesin trek toe gedurende 1965 na hul tannie, Antie Margaret Arendse, se huis onder in die straat tot by Henry no.7 (Rietvlei), waar hulle 'n sinkplaathok opgeslaan het agter op die werf. Pagie, Lily en hul ma Maria (Mieta), het by die pakstoor (CFG) gaan werk. Ceres Fruit Growers het vir hul werknemers huise gebou, waartydens die gesin ook 'n huis gekry het. Hulle het toe vanaf 1967 in Starkingstraat 3, Ceres, gewoon. Dit was bekend as die Voetbalkamp. Hulle het ook nie baie lank in Starkingstraat gewoon nie toe die aardbewing in 1969 groot skade in die Ceres-omgewing aangerig het. Op 29 September 1969 het die groot aardbewing getref en baie mense se huise en geboue is verwoes. Ongelukkig is aan hul huis baie skade aangerig, en moes hulle toe weer trek. Na die aardbewing het hulle White City toe getrek, waar baie van Ceres se inwoners tente en opslaanhuise (wendyhuise) gekry het. Terwyl die gesin in White City gewoon het, het albei aansoek gedoen vir 'n huis in Gebied K (vandag Bella Vista).

Tussen 1971 en 1972 het albei goedkeuring gekry vir behuising in Gebied K. Pagie en haar ouers het 'n maand voor Lily en haar man, William Manuel, 'n huis in Gebied K gekry waar hulle in Vredestraat 161 (Ou blok) woonagtig was.



*Pagie voor die huis in Vredestraat saam Mieta Goliath*

Lily en haar man het in Burgstraat 412 (Ou blok) gaan woon en vanaf 412 trek hulle weer na Burgstraat 439.

.



*Lily by Burgstr 412 se huis*



*Lily by Burgstr 439 se huis*



*Lily in Burgstraat se huis*



Lily en haar gesin trek in 1985 na Frieslandstraat (Nuwe blok) waar hulle hul eie huis bou, nr. 3. Hul bly steeds vandag daar.

*Huis in Frieslandstraat in aanbou*





*Regina is op 10 Desember 1977 met Isak (Sakkie) van Rooyen getroud*

*Lily is op 26 Desember 1969 met William Frank Manuel getroud*



Pagie en haar gesin het rondom 1983 vanaf Vredestraat (Ou blok) getrek na Klaradynstraat (Nuwe blok). Die huis was nie vir Pagie baie gemaklik nie, want dit het hoë stoepe gehad. Sy het toe die munisipaliteit gevra om huise te ruil en het toe by Mimosastraat 712 (Nuwe blok) gaan woon waar sy steeds woonagtig is.



*Mimosastraat 712*

Albei susters het skool gegaan by die destydse St. Andrews skool (nou Morrisdale Primêr). Regina ( Pagie) is standerd 4 (gr. 6) uit die skool. Sy het in 1967 by CFG pakstoor begin werk. Destyds was Pagie 'n lidmaat van die PPK gemeente in Ceres en het die kerk huisdienste gehou in Henrystraat nr. 7, Rietvlei.

Met die ontstaan van Bella Vista het die PPK-lidmate van Gebied K huisdienste gehou in gemeentelede se wonings totdat die kerk ingewy is op 5 Oktober 1978.



*Pagie help met die aanbou van die PPK kerk*



Lily se man was die Pastoor van die Pinkster Protestante Kerk (PPK) in Bella Vista vanaf 1973 tot en met 1989.

*William Manuel help om die PPK te bou*

Pastoor Manuel begin in 1994 'n 2de kerk bou, die Berea Christen Sentrum, en voltooi die Sentrum in 1997, waar hy tans (2022) steeds die pastoor is.

*Berea Christen Sentrum*



# CAROLINE KAYER



Carol Kayer neé Geldenhuys is gebore op 16 Julie 1951 en het haar kinderjare deurgebring in Rietvlei, Ceres. Caroline en haar ouers het tydens haar graad 7 (standerd 5) jaar Rooikamp toe getrek. Caroline het haar graad 8-skooljaar by Fred Gaum (Ceres Sekondêr) begin.
Standerd 7 en 8 ( graad 9 en 10) was Caroline toe na Zonnebloem Kollege waar sy in standard 8 as onderwyseres haar opleiding in 1972 voltooi het.

Caroline het haar matriek deur die pos gedoen, en het ook haar 3de onderwysjaar deur afstandsonderrig voltooi.

Sy het op 1 Januarie 1973 by De Bos (NGK) Primêr begin onder leiding van mnr. Appie Minnaar en is later oorgeplaas na Vreeland Primêr. Caroline het toe saam met mnr. Wildschutt en ander kollegas na Bella Vista om Ceres No. 3 op 12 April 1977 te open. Juffrou Caroline het as ’n posvlak 1-opvoeder uitgeblink. Sy was ’n baie hardwerkende opvoeder en het baie goed presteer.

’n Aanpassingsklas



Mev. C. Kayer A.P.1

Mevrou Kayer het later in haar loopbaan departementshoof van die Junior Afdeling geword. Nog ʼn eerste vir Juffrou Kayer was toe sy as die adjunk-hoof van Mooi Uitsig Primêr aangestel is. Op Julie 1998 word sy as prinsipaal van Mooi Uitsig Primêr aangestel. Juffrou Kayer het uitgestaan teen haar buurskole, want sy was al "vroueprinsipaal". As hoof het sy gou haar merk gemaak, want sy was enig in haar soort as dit by leiding kom. Sy het soos ʻn moeder vir haar leerlinge en kollegas geword. Deur al haar take het sy nooit vergeet van haar kollegas nie, byvoorbeeld vir Moedersdag het sy vir hulle tesame met hul moeders/familielede sonder hul wete met ʼn ete verras.

As prinsipaal het Mev. Kayer baie bereik met die opgradering van die skool. Deur haar inisiatief en in samewerking met haar personeel en suksesvolle funksies kon die skool uit eie fondse rekenaars koop, Internet bekom en lugversorgers aankoop. Die skool spog met ʼn volledig toegeruste rekenaarlokaal, asook ʼn mobiele rekenaarklas en lugversorgers wat die Ceres hitte draagliker maak. Kantore is verfraai, kaste beplan, bestel en laat maak (deur haar eggenoot) en die administratiewe blok het ʼn hele transformasie ondergaan.



*'n OUD-leerder van Mooi Uitsig primê Gaynor van der Merwe, het dit goedgedin om 'n wisseltrofee, die Gaynor van de Merwe wisseltrofee te skenk aan 'n leerde van Mooi-Uitsig wie die beste vorderin toon. Hier verskyn sy saam met die skoo oof, Caroline Kayer.*



**ALDEAN Swartz is opgeneem in die Boland o/13 gholfspan wat gaan deelneem aan die Boland Uitnodigingstoernooi wat vanaf 27-29 September op Worcester gespeel word.** *Hier is mev. Caroline Kayer saam met Al an Swartz afgeneem.*

Mev. Kayer het ook mnr. Wildschutt se droom en die skool se leuse “Volharding bring Sukses” uitgeleef toe daar op 20 Oktober 2010 onder haar “toewyding” en “leiding” “aansporing” en “uithouvermoë” ’n pragtige skoolsaal ingewy was.

Mev. Kayer het op 16 Julie 2016 op die ouderdom van 65 jaar afgetree.



*Juffrou Geldenhuys op haar troudag 20 September 1980 met William Kayer en haar haar ouers John en Lizzy Kayer*



*Mev. Kayer saam met haar hele gesin*

# ISAAC JACOBS



Isaac Jacobs het grootgeword in Ceres dorp. Hy het saam met sy ouers, Willem en Susan van Wyk, en ander susters en broers in die Sandkamp nr. 2 gewoon. Die Pakstoor (Ceres Fruit Growers, CFG) het sesvertrek-huise vir hul werknemers by die Sandkamp gebou. Elke huis het vier slaapkamers gehad, maar nie alle gesinne het hul eie huis gekry nie. Vier verskillende gesinne moes elk in ’n kamer woon. Gedurende die aardbewing van 29 September 1969 het baie inwoners van Ceres hul huise verloor. Baie van CFG se huise is deur die natuurramp verwoes. Daar is toe vir die inwoners tente verskaf wat voor hul erwe gestaan het. Willem van Wyk het toe aansoek gedoen vir ’n huis in die nuwe woongebied (Gebied K) wat beplan was om te ontwikkel vir persone wat wonings benodig. Gedurende die 1970’s het hulle gesin Gebied K toe trek. Hulle het ’n huis in G-Straat gekry.

Isaac vertel dat die munisipale kantoor geleë was in D-straat. Nadat die munisipale kantoor na Ceres dorp verskuif het, is ’n kliniek op die erf opgerig. Vanaf 1972 het Gebied K baie groter begin uitbrei en baie meer mense het vanaf Ceres na Gebied K getrek.

Isaac onthou sy kinderjare toe hy skool gegaan het by Ceres Primêr en daarna Fred Gaum Sekondêre Skool. Hier het hy gematrikuleer en onthou hoe hulle met die Peres-busse skool toe gery het vir 25c. Isaac vertel ook dat mnr. Yusuf Rhoda die eerste winkel in Gebied K gehad het. Antie Moena Majaal het destyds vir mnr. Rhoda gewerk. Isaac self het ook middae na skool vir mnr. Rhoda gaan werk. Die winkel het tussen 1972 en 1973 oopgemaak. Isaac dui aan dat mnr. Rhoda se winkel alles verkoop het wat mense nodig gehad het, onder andere blikkieskos, suiker, brood, lampolie en kerse. Hy vertel ook hoe hulle as tieners dans gehou het by Ossie se huis voor in die erf.

Isaac sê dat hulle beter huise gekry het in Gebied K, want hulle het baie meer gemakliker gewoon as in die Sandkamp. Hulle het ’n huis gekry met twee slaapkamers, ’n kombuis, badkamer en ’n sitkamer. Sy suster, Susan-Anne, het bygevoeg dat hulle ses kinders in ’n kamer was, want hulle was ’n groot gesin. Na skool het hy by CFG gaan werk en toe by Ceres se munisipaliteit en op verskillende ander plekke in die omgewing.

Die Weermag het vrywilligers gesoek en hy het in 1980 by die Weermag aangesluit waarna hy in 1982 by Eskom gaan werk het.  Daarna het hy 1987 'n bewaarder geword en die Warmbokkeveld gevangenis gewerk. Hy was bevorder en het in Van Rhynsdorp gevangenis gaan werk. In 2000  het hy die Hoof Gemeenskaps Korreksies geword en  in 2006 in Swellendam die hoof van die gevangenis,  totdat hy in 2010 voltyds as pastoor by die Pinkster Protestante Kerk in Bella Vista begin het.

Isaac is op 25 September 1984 met Anne Rooi getroud. Tans is Isaac steeds voltyds in diens van die PPK gemeente, Bella Vista (2022).



*Isaac Jacobs, (tweede van regs), 19jr oud*.







*Aanbou van PPK gebou*




*Optog tydens die 10jarige herdenking van die PPK gemeente, 1982*



**SUSAN-ANNE HULL neé JACOBS**



Susan-Anne het grootgeword in Ceres-dorp. Sy het saam haar ouers, Willem en Susan, en ander susters en broers in Sandkamp nr. 2 gewoon. Omdat haar broer ’n werknemer van CFG was, het hulle in een van die huise gewoon wat deur CFG gebou is vir hul werknemers. Tydens die aardbewing van 29 September 1969 is die huis sodanig beskadig dat hulle ander huisvesting moes kry. Met die nuwe ontwikkeling van Gebied K het haar pa, Willem, aansoek gedoen vir ’n huis. In die vroeë 1970’s het hulle Gebied K toe getrek en in G-straat gewoon. Haar pa het by ‘n viswinkel gewerk waar Lesvos Visseries nou geleë is. Die mense het destyds na die winkel verwys as “oom Pai se winkel” omdat hy daar gewerk het.

Susan se laerskoolloopbaan het begin by Morrisdale. Nadat hulle verhuis het vanaf Ceres na Bella Vista het Susan soggens en smiddae saam met haar pa met die fiets gery vanaf Gebied K tot in Ceres. In 1977 het daar ’n skool in Bella Vista geopen, naamlik Ceres nr. 3 ( tans Mooi-Uitsig Primêr) en Susan is toe vanaf Morrisdale na Ceres nr. 3. Susan het haar laerskoolloopbaan suksesvol voltooi in standerd 5 (graad 7). Daarna het sy weer teruggeggaan Morrisdale toe om standerd 6 te voltooi. Haar hoërskoolloopbaan het begin by Fred Gaum (Nou Ceres Sekondêre Skool) wat in Ceres geleë is. In 1983 het sy daar matriek voltooi.

Direk na matriek gaan werk Susan vir ’n week by Du Toit Vrugte as ’n kartonvouer. Die 2$^{de}$ week bevorder Du Toit vir Susan na die administratiewe afdeling van die karton-afdeling en die leë kratte. Drie jaar daarna kry Susan ’n pos by Snocooled in Bella Vista en begin werk as ’n vrugtekontroleerder. By Snocooled het Susan ook later as ’n ontvangsdame, ’n toesighouer en ook as ’n paklynbestuurder gewerk. In 2006 ondergaan Susan ’n beenoperasie en bedank, want om te loop het al moeiliker vir haar geword.

In 1987 ontmoet sy vir Michael Hull, oorspronklik van Robertson. Sy en Michael is in Mei 1990 getroud. Michael is tans ’n bewaarder by die Warmbokkeveld Gevangenis.



*Hugh-Marie, Isaac, Susan-Anne en Wilfred (broers en susters)*

# PIETER SWARTS



Pieter Swarts is gebore op 19 Januarie 1951 te Ceres en het grootgeword saam sy ouers, Simon en Elizabeth, in Albertsingel 33, Rietvlei. Ten tyde van die aardbewing van 29 September 1969 was Pieter 18 jaar oud. Hul woning was so beskadig dat hulle nie daarin kon woon nie en omdat sy pa 'n bouer was, het hy en sy ouer broers 'n tydelike geboutjie opgerig waar hulle kon bly.

Pieter het tot en met standerd ses (Graad 8) skool die St. Andrews skool bygewoon. Nadat hy laerskool voltooi het, het hy per afstandsonderrig 'n korrespondensiekursus in Johannesburg gedoen. Daar was toe nog nie ‘n hoërskool op Ceres nie. Hy kon ongelukkig weens finansiële redes die kursus net vir agt maande volg, want Pieter se pa was al broodwinner in die huis. Pieter se ouer broer, Nico, was toe reeds by die Hoërskool Spes Bona in Athlone, Kaapstad' en sy pa kon nie albei se skoolgeld bekostig nie.

Pieter het toe vir twee tot drie jaar as ambagsman saam met sy messelaar-pa, Simon, gewerk. Hy het egter besef harde-arbeid is nie vir hom nie. Gedurende 1972 is hy toe in ‘n pos as behuisingsklerk by die destydse Ceres Munispaliteit aangestel. Sy werk het die uitskryf van kwitansies behels wanneer mense hul munisipale huur kom betaal. Pieter het gewerk in die munisipale kantore in Gebied K wat in Populierweg geleë was. Die behuisingskantoor en die kliniek was in een gebou geleë. Pieter was 15 jaar lank die behuisingsklerk totdat hy afgetree het.



Op 30 Augustus 1972 trou Pieter met Hester Lintnaar wat ook in Ceres gewoon het. Omdat Pieter ‘n amptenaar van die munisipaliteit was, kon hy ‘n huis bekom en trek hulle na die “verpleegsters-woonstelle” in Proteaweg, Ceres.

*Die “verpleegsters-woonstelle” soos dit vandag daar uitsien.*

Later in die sewentigerjare het Pieter en sy vrou na Bella Vista verhuis en in Sederweg 490 gaan woon (Ou Blok), waar hul vandag nog steeds is.



*Pieter met sy neef Jan Davids in Sederweg, 490*



*Huis in Sederweg  soos dit tans daar uitsien*



*Pieter met sy broer Boyce se kinders*



*Pieter met sy kleinkinders en agterkleinkinders*

# MELVIN (Mervin) SIMONS



Melvyn Simons is op 23 November 1958 in Maitland, Kaapstad, gebore. Hy het tussen 1958 tot 1963 daar saam met sy ouers, John en Laura Simons, gewoon.





*John en Laura Simons*

Gedurende 1963 verhuis hulle na Factreton, langsaan Kensington, waar hy sy laerskoolloopbaan begin by die Laerskool WB Hendricks. Melvin het tot standerd 6 (graad 8) gevorder. Hy was vir 'n paar jaar by die huis voordat hy begin werk het. Melvin begin werk gedurende 1975 by Panter Shoes, 'n Skoenfabriek in Factreton. Later kry hy toe 'n algemene werk by 'n ingenieursmaatskappy, ook in Factreton.





*Melvin as jong man*

*Huis in Vredestraat 344*

Gedurende 1984 het Melvin saam met sy vriende verhuis na Ceres en kom woon in die Rooikamp. Hy trek toe ongeveer 1987 na Gouwsblomstraat, Bella Vista, saam met Jessie, sy vrou. Hulle trek toe later in 1997 na Vredestraat 344 waar Jessie se ouers, Lea en Naudé Swarts, se huis was. Melvin het by Goede Hoop, 'n fabriek in Bella Vista, gewerk. Hy het vir Goede Hoop gewerk tot en met sy aftrede. Melvin en Jessie het twee kinders, 'n seun en dogter, Lawrence en Jaslyn Swarts.



*Jesse, Mervin se vrou*

*Lawrence en Jaslyn as jong kinders*



# KATHY SWARTZ

Kathy Swartz is gebore op 31 Mei 1964 in Colesburg in die Noord-Kaap. Gedurende 1976 het sy Ceres toe getrek saam met haar suster Martha. Hulle het in Duikerweg (Ou blok) in Bella Vista by haar suster se man, Kosie Fredericks, gaan bly. Later het Kosie en Martha na Limpopostraat 564 (Nuwe blok) getrek.



*Kathy en haar suster Martha*

*Kathy voor die huis in Limpopostraat*



Kosie was ’n welbekende man met sy eie taxidiens in Bella Vista. Hy het sy motor omskep in ’n taxi  waarmee hy mense vanaf Gebied K na Ceres vervoer het.



*Martha staan voor haar man, Kosie, se taxi. Op die taxi staan Fredericks Taxi, Bella Vista, Limpopostraat 564*

In 1991 het Kathy vir Snocooled (huidiglik De Keur Pakstoor) as ’n sorteerder begin werk.



Kathy is nog altyd ‘n werknemer van De Keur Pakstoor. Hierdie jaar, 2022, werk sy reeds 31 jr vir hulle. Sy het in 1991 as ‘n sorteerder begin werk.

*Kathy (links) by De Keur Pakstoor*

Kathy doen aansoek in 1996 vir ’n huis by die “Kleinhuisies ontwikkeling”, soos die bekend gestaan het.  Sy ontvang ’n huis in Wilgestraat 25 en woon steeds (in 2022) daar.




Kathy onthou vir oom John wat destyds ’n winkel gehad het in Populierstraat, terwyl sy in die Ou blok gewoon het. Oom John se groot winkel het ’n groot verskeidenheid produkte verkoop. Onder sy produkte was groente, vrugte, southappies en daaglikse benodigdhede.

Kathy bestempel die destydse Bella Vista as “baie rustiger” as tans. “Bella Vista was nie so gewelddadig nie. Mense kon destyds met oop vensters of in die somer buitekant slaap”, sê sy.

# KARIEM ADAMS



Kariem Adams is op 5 Junie 1957 in Lansdowne, Kaapstad, gebore. Hy het sy skoolloopbaan by Myhof Laerskool begin en daar standerd 5 (graad 7) voltooi. Sy hoërskoolloopbaan tot by standard 8 (graad 10) was by Oakland High.

Na skool (in 1975) trek Kariem na Ceres waar hy as 'n kleremaker by mnr. Mike Hendricks se winkel in St Paulstraat 15. (Morrisdale) kom werk het. Hy het ook vir tyd en wyl by mnr. Hendricks gewoon. Na die afsterwe van Hendricks het Kariem eienaarskap van die winkel oorgeneem. Hy het 'n paar later aansoek gedoen vir 'n huis in Bella Vista. Hy noem dat hy nie lank gewag het om 'n huis te kry nie, want die behuisingsnood was destyds nie so groot soos tans nie. Dié huis was in die Nuwe Blok in Limpopostraat 5. Hy is in 1977 getroud met Fowzia, dogter van antie Mona Majaal wat in Bella Vista se winkel gewerk het.

Kariem vertel hy onthou dat Ou blok in die vroeë sewentigerjare begin bou is, en in die vroeë tagtigerjare die Nuwe Blok. Gedurende die 1990's is die ander blokke in Bella Vista bygevoeg.

In 1984 het Kariem die politiek betree to hy as munisipale raadslid gedien het. In 1994 het hy eers uit die politiek getree toe die nuwe demokratiese bestel begin. Hy het egter voortgegaan met gemeenskapsgewerk omdat sy voet reeds binne die deur was en aangesien hy die nood kon raaksien juis omdat hyself swaar grootgeword het. In die 2006 munisipale verkiesings het hy weer die politieke waters getoets as 'n kandidaat in Bella Vista en verloor, maar hy het nie opgegee nie.




Kariem Adams het geglo dit is belangrik is dat 'n mens jou sê moet kan sê. In 2011 het hy weer as 'n onafhanklike kandidaat gestaan en het toe met 'n oorweldigende meerderheid gewen. Hierna was hy 10 jaar lank onderburgemeester van die Witzenberg. Hy is tans 'n uitvoerende burgemeesterskomiteelid (vir behuising).

MUNISIPALITEIT **CERES** MUNICIPALITY

BESTUURSKOMITEE - APRIL 1991 - MANAGEMENT COMMITTEE



VOOR (VLNR) : MNRE J M SPANNENBERG, D M FARMER, O J WILLIAMS (VOORSITTER), A J LE ROUX (SEKRETARIS).
AGTER (VLNR) : MNRE J JANTJIES, K ADAMS, J J ABRAHAMS, J J DAMON, S I HOLLANDER.

**MUNISIPALITEIT — CERES — MUNICIPALITY**

**STADSRAAD EN AMPTENARE** **TOWN COUNCIL AND OFFICIALS**
**AUGUSTUS 1991** **AUGUST 1991**



*Voor: v.l.n.r.:* *J Rysbergen (Rdl), Dr. E X de V Smit (Rdl), V Irvine (Rdl), J J Steyn (Burgemeester), F J Davin (Onderburgemeester), A G Foster (Rdl), R R Olivier (Rdl).*

*Middel: v.l.n.r.:* *J Jantjies (Rdl), J J Abrahams (Rdl), O J Williams (Rdl), D M Farmer (Rdl), K Adams (Rdl), S I Hollander (Rdl), J M Spannenberg (Rdl).*

*Agter: v.l.n.r.:* *B G van der Watt (Stadselektrotegniese Ingenieur), P R Wiese (Hoof Beskermingsdienste), M J Louw (Stadsingenieur), G J Visser (Stadstesourier), A J le Roux (Hoof: Gesondheid en Behuising), J H Redelinghuys (Stadsklerk), D du Plessis (Stadsekretaris).*

*Kariem Adams Saam met Min. Ivan Meyer*





*1993, Ceres Tennisklub*

# JENNIE WEHR



Jennie Wehr neé Goliath, het grootgeword in Rietvlei, St. Paulstraat 7, Ceres. Sy het skool gegaan by St. Andrews skool (nou Morrisdale Primêr) tot 1968 waarna sy na die Hoërskool Zonneblom is in Woodstock vir Standerd 7 en 8 (gr 9 en 10.) Sy het haar matriekjaar by Bergrivier Hoërskool te Wellington voltooi. Tydens 1973/74 was sy in Maurites' Secretarial School, Wynberg, waarna sy tot 1978 gaan werk het by Metal Box in Paarl.

Sy het terug verhuis Ceres toe en weer gaan woon by haar ouerhuis in St. Paulstraat. Sy is op 29 April 1978 met Leon Wehr getroud, waarna hulle verhuis het na Paardefontein. Op 18 Julie 1978 is Jennie as die eerste Administrasieklerk aangestel by Ceres No. 3 (Later Mooi Uitsig Primêr). Sy was werksaam by Mooi Uitsig vanaf 1978 tot en met haar aftrede in 2014.

Mooi Uitsig Primêr het aanvanklik eers as Ceres No.3 bekendgestaan. Dit was omdat dit die derde groot Laerskool was in die Ceres-omgewing. Op 4 Oktober 1980 is die naam verander na Mooi-Uitsig Primêr. Die naam Mooi Uitsig beteken "Bella Vista" in Italiaans – dit is dus waar die woonbuurt se naam vandaan kom.

In 1985 het Jennie weer terug Ceres-dorp toe getrek, na Pretoriusstraat 12, met haar man en twee kinders , Noel en Tracy.



*Jenny se man, Leon, op Paardefontein.*



*Tracy en Noel in hul huis op Paardefontein*



*Tracy Wehr se 4de verjaarsdag*



*Noel Wehr op Paardefontein*

# JACOB ROOI




Jacob Rooi is gebore op 3 Junie 1960 op Donkerbos in die Koue Bokkeveld.

In Junie 1972 op 12-jarige ouderdom trek Jacob met sy ouers, Jacob en Sophia, en oupa Josef en ouma Anna en sy nege broers en susters - Joseph, Kato, Gerad, Derick, Ann, Elizabeth en Sophia na Gebied K. (Hulle sou uiteindelik 11 kinders wees toe Arrie en Pieter bygekom het). Tydens die jarelange verblyf daarna in Bella Vista het hulle in vier strate gewoon: D-straat, Erikastraat, Limpopostraat en Burgstraat.



*Sy ouers, Jacob en Sophia Rooi*



**Oupa Josef oorlede**

OUPA JOSEF ROOI, 89, van Bella Vista, Ceres, is verlede Saterdag onder blyke van groot deelneming uit die plaaslike NG Sendingkerk op die dorp begrawe.

Wyle mnr. Rooi, 'n welbekende van die Ceres-omgewing, is in die distrik Calvinia gebore en sou vanjaar op 22 Oktober sy negentigste verjaardag vier. Hy is na 'n siekbed van twee maande oorlede.

Oupa Rooi word oorleef deur sewe kinders, 75 kleinkinders en 58 agterkleinkinders.

*Oom Josef Rooi, Jacob se oupa*
*Hy het staaltrommels gemaak, skoene en primusstofies in Bella Vista herstel*

Jacob se skoolloopbaan in Ceres het by Morrisdale begin toe hy standerd 4 (Gr. 6) was. Hy het toe vir standerd 5 verskuif na Vreeland Primêr, 'n skool wat Gebied K en ander omringende plase se kinders ingeneem het. Vir standerd 6, op ouderdom 14, is Jacob terug na Morrisdale. In sy St 6 jaar het sy liefde vir fotografie begin toe hy
vir Koos Wildschutt (een sy rolmodelle) sien foto's neem. Hy besluit om dieselfde te doen. Jacob gaan toe vir st.7 na Fred Gaum en matrikuleer in 1978.



*Matriekafskeid saam met Mej. Pharo*

Tydens Jacob se hoërskooljare het hy foto's in Bella Vista en Ceres begin neem. Dit het op ouderdom 14 begin met 'n kamera wat Jacob se pa vir sy oudste broer gekoop het, maar sy broer het dit nooit gebruik nie. Dié vaardigheid sou uiteindelik 'n kernrol in sy toekomstige loopbaan speel.

Mnr. Yusuf Rhoda, Parlementslid (tydens die Driekamer parlement) vir Koue Bokkeveld, het die eerste winkel in Gebied K besit. Jacob het vanaf standerd 6 (Graad 8) saam met antie Moena Majaal by mnr. Rhoda se winkel gewerk, tot in sy studentejare. Gedurende 1977 het mnr. Rhode ook 'n slaghuis besit langs sy winkel maar dit het op 'n dag afgebrand terwyl Jacob ook daar was.

.



*St 6. by Fred Gaum*

Nadat Jacob by Fred Gaum matrikuleer het, het hy vir 'n BA-graad by die Universiteit van Wes- Kaapland gaan studeer.



*Jacob, Hendrik Ockhuis, Jacques September, Tyrone Smith*



TWEE van ons koerant se medewerkers het vandeesweek die graad BA aan die Universiteit van Wes-Kaapland behaal. Hulle is Ian Landsberg (links) van Klerksdorp en Jacob Rooi van Ceres.

Nadat hy sy graad voltooi het, het mnr. Herman Wildschutte (eerste hoof van Mooi Uitsig Primêr) in Desember 1981 met sy pa laat weet daar is 'n pos vir hom by die skool. In Januarie 1982 begin hy by Mooi Uitsig Primêr werk, vir die volgende twee jaar. Hy het vir sy onderwysdiploma by Unisa (Universiteit van Suid-Afrika) ingeskryf en is daarna (in 1984) na die Hoërskool Fred Gaum omdat dit regeringsbeleid was dat diegene met grade by hoërskole moes onderrig. Later het hy ook 'n B.Ed deur Unisa voltooi.



*1987 as onderwyser by Fred Gaum*

Hy was toe vir vyf jaar by Fred Gaum waarna hy die pos van departementshoof gekry het by die Sekondêre Skool Strand. In Januarie val hy toe in by dié skool, waar hy agt jaar lank 'n departementshoof was.

Hy aanvaar in 1996 'n skeidingspakket en begin sy voltydse joernalistieke loopbaan in Januarie 1997 by Die Burger in Kaapstad. Dit nadat hy toe jarelank medewerker was vir dié koerant en Rapport.  Jacob het 2 jaar vir Die Burger gewerk, waarna hy na Rapport is.

In 2003 word hy hoofredaksielid (assistent redakteur) en in 2004 senior assistent redakteur. Hy het in Julie 2020 na byna 24 jaar in die joernalistiek vroeg afgetree.



Die Kaapse redakteur van Rapport, Jacob Rooi (regs), oorhandig die kouerkloptrofee van Kaap-Rapport aan mnr. Hennie Loock, diriger die Tygerberg Kinderkoor. Mev. Theresa Loock staan by



*Jacob saam met minister Ronald Lamola, Minister van Justisie*

Jacob se sukses as joernalis het reeds op 14 jaar begin toe hy foto's begin neem het. Jacob sê*: "Somtyds begin 'n mens met iets klein, maar dit word groot gewin, dit kan jou ver in die lewe bring. Daai einste besluit wat ek op 14-jarige ouderdom geneem het, het direk daartoe gelei dat ek in die joernalistiek beland het en dat ek uiteindelik hoofredaksielid by Rapport kon word. Maar alle eer gaan aan die liewe Heer."*

# FRANCIS (Tittie) GOUWS



Francis Gouws, ‘n boorling van Ceres, het grootgeword in White City in die Rooikamp. Sy het vir meer as 20 jaar in White City gewoon waarna sy aansoek gedoen het vir ‘n huis in Gebied K. Sy het ‘n opsie gehad van drie huise, twee in Burgstraat wat langs mekaar was en die ander een in Populierweg. Die Gouws- gesin het toe saamgestem om die huis in Populierweg te betrek, want hulle het van die hoekhuis gehou.

*Woonhuis in Populierweg*





*Tittie saam haar broer, Godfree, Cinthia, Sheila en Aletta*

Francis sê Bella Vista was karig bewoon (“kaal”) toe sy uit Ceres verhuis het na Gebied K. Daar was net twee ligpale, een op elke hoek van ’n straat.  Daar was ook net een winkel waar hulle elke dag se benodigdhede kon koop. Die winkel het behoort aan John Geldenhuys en sy vrou, wat die hele winkelblok besit het. John Geldenhuys en sy vrou was sakemense wat ook besighede binne Ceres besit het.

Francis was baie gelukkig met die tipe huise wat in Bella Vista gebou was, want hule huis was beter as die huis wat hulle in White City gehad het. Baie van die huise daar was maar baie klein huisies. Die huise wat in gebied K (Ou blok) gebou is, het vyf vertrekke gehad. Francis woon steeds in Populierweg by die huis wat sy destyds in Gebied K betrek het. Later het Francis haar huis uitgebrei na ‘n 7-vertrek huis.

# ELIZABETH ABRAHAMS



Elizabeth Abrahams het vir baie jare in Rietvlei, Ceres, by haar suster gewoon.

Na die ontwikkeling van Gebied K het Elizabeth aansoek gedoen vir 'n huis. Nie alle inwoners was gelukkig met die naam Gebied K nie, sê sy, maar die naam het haar nie gepla nie, want dit was destyds nog die apartheidsjare en sy was dankbaar dat sy 'n woning van haar eie kon kry.

Elizabeth onthou haar vroeër jare in Gebied K (Bella Vista), onder meer die grondpaaie, baie bosse en ongewone straatname, bv. E-Straat, D-Straat, ensovoorts. Die inwoners was nie ontevrede oor die tipe huise wat hulle gekry het nie, want dit was groot genoeg en het in al hul behoeftes voorsien.

Elizabeth woon steeds by dié huis in Vredestraat 347, Bella Vista.



Elizabeth met haar seun, Jenico.



*Eilizabeth se familie, Deon Sass en Petronella Sass en Andrew Vergotine, wat woonagtig was in White City, 242*

# BENNIE J. LEENDERTZ






Mnr. Bennie Leendertz is op 14 Desember 1961 in Laingsburg gebore.

Hy het sy skoolloopbaan begin by Akasia Primêr in die dorp en het in 1976 standerd ses (graad 8) geslaag. In 1977 begin hy sy hoërskoolloopbaan by Esselenpark in Worcester waar hy in 1980 matrikuleer.

Gedurende 1984 trek mnr. Leendertz Ceres toe nadat hy by Fred Gaum (tans Ceres Sekondêr) aangestel is. Hy het Rekeningkunde en Besigheidstudies aangebied. Mnr. Leendertz het vanaf 1984-1987 in Fred Gaum se koshuis gewoon en tree toe in Junie 1987 in die huwelik met Gwendoline Williams. Na hul huwelik trek hulle na Langstraat 10, Bella Vista.



*Bennie en Gwendoline op hul huweliksdag*

Na sy tyd by Fred Gaum het mnr. Leendertz in Bella Vista skool gaan hou. Hy was vir ‘n paar jaar by Bella Vista Primêr en daarna het hy skool gaan hou by Bella Vista Hoër toe dié skool in Julie 1995 open. Hier het mnr. Leendertz ook Rekeningkunde en Besigheidstudies aangebied.

Die eerste skoolhoof/skoolbestuurder van Bella Vista Hoër was mnr. P.L. Weitz. Bennie het in 2010 oorgeneem by Weitz. Na sy aanstelling as skoolhoof is die volgende veranderinge aangebring:

- Veiligheid by die skool is verbeter deur die installering van kameras.
- ’n Sekuriteitsmaatskappy is aangestel om naweke die skool te bewaak.
- Sterk klem op akademiese prestasie en in 2014 het die skool ’n matriek slaagpersentasie van 87,8% behaal.
- Meer fokus op sport om alle leerders die geleentheid te bied om deel te neem.

Mnr. Leendertz noem ook dat hulle die gemeenskap by die skool betrek het deur predikers van Bella Vista te kry om Maandae die skool te open. Persone is ook gekry uit die gemeenskap om die leerders te help met maatskaplike, sowel as geestelike leiding.

Na 11 “lang en wonderlike jare” tree mnr. Leendertz in Desember 2021 af by Bella Vista Hoër.



*In Maart 2015 ontvang hy sy B.Ed-honneursgraad in Onderwysbestuur*




*Saam met die Verteenwoordigende leerlingraad van 2020*



*Bennie Leendertz op sy 60ste verjaarsdag by die skool*

*Boodskappe vanaf die skool met sy aftrede*

# Bella Vista Hoërskool

## BOODSKAPPIES

**Mnr. Leendertz**

Aftrede is 'n belangrike stadium in enige mens se lewe en nou is dit u tyd. U het 'n lang en besonderse pad gestap by Bella Vista Hoër. U gaan 'n groot leemte laat, maar ook goeie riglyne wat ons beslis kan navolg. Baie dankie vir u leiding, hard praat, kwaad raak, en omgee. Die pad wat u geloop het was nie altyd maklik nie, maar dit het vrugte opgelewer. Geniet die rustige dae by die huis saam met u vrou en kleinkinders. Ek bid God se rykste seën op u pad vorentoe, toe. PS. 16 vers 6 . Die meetsnoere van die HERE het vir u op lieflike plekke geval. Jou erfenis is mooi.

**Me. S. Slinger**

**Mnr. Leendertz**

'n Einde van 'n era, 'n einde van 'n seisoen het vir u aangebreek. Mnr Leendertz onthou die mooi, goeie, beste van u loopbaan by Bella Vista Hoër. Laat die glimlag wat hierdie herinneringe die begin van 'n nuwe era en seisoen lei tot vreugde. Voorspoed en seëninge. Dankie vir u bydra tot die bou van Bella Vista Hoër tot hoër hoogtes. Dankie dat u ook altyd belangstelling in my en my gesin getoon het. Mag God u seën gedurende u aftrede vir meer jare sodat u, u kleinkinders sien opgroei. Geniet u en juffrou Gwen se tye van reis en vakansie regoor Suid-Afrika en die res van die wêreld. Toerisme dra by tot ekonomiese groei wat lei tot vooruitgang van ons almal. Liefde.

**Me. L. Lukas**

**Mnr. Leendertz**

'n Leier in murg en been en 'n aanwins vir Bella Vista Hoërskool wat moeilik vervang sal word. U opregtheid en ware omgee vir die leerders, kollegas en gemeenskap sal my altyd bybly. As raadgewer bly u van onskatbare waarde.
Ek sal u altyd onthou vir die volgende:
Beginselvas, eerlik, nederig, navolgingswaardig, integriteit, eerbiedigheid
Koester altyd Bella Vista Hoërskool se goue oomblikke. Alle voorspoed op u lewensreis.

**Me. D. Pharo**

**Mnr. Leendertz**

Dankie vir 38 jaar se toewyding aan die onderwysberoep en die gemeenskap van Bella Vista spesifiek.
Voorspoed my maat.

**Mnr. E. Lintnaar**

**Liefste Meneer**

Ek ken Meneer nog nie vir lank nie, maar dit wat ek hierdie jaar gesien het , het my weereens in die goedheid van God laat glo. Meneer is nie net vir my n werkgewer nie, maar ook n pa. Dankie dat ek God se liefde deur Meneer kan ervaar. Dankie vir Meneer se raad , leiding en ondersteuning . Ek sal Meneer altyd onthou as die nederige en opregte mens wat Meneer is. Mag die jare wat voorlê net mooi dinge inhou. Mooi loop Meneer.

**Me K. v/d Merwe**

**Geagte Meneer**

Baie dankie vir die persoon wat u is. Dankie vir die leier wat Meneer is. Dankie vir alles wat Meneer in my ploeg, asook in die breë gemeenskap en skool. Ek wens Meneer n goeie aftrede toe en mag Meneer die rus geniet. Alles wat mooi is vir die toekoms.

**Mnr. M. Slinger**

De Keur

energised by nature

Op 28 Maart 1934 het Tippie du Toit sy eerste plaas by 'n openbare veiling in die Koue Bokkeveld gekoop.



Tippie was 'n man wat geglo het in goeie boerdery, eerlikheid, gelykheid en integriteit. Hy het die besigheid nagelaat vir sy twee seuns, Charl (sluit aan in 1967) en Gys (sluit aan in 1972).



*Charl & Gys by die bou van 'n nuwe dam, De Keur*







Charl en Gys het twee bykomende plase in die Koue Bokkeveld aangekoop, naamlik Leeuwrivier  in 1973 en Rocklands in 1981.  In 2008 het hulle nog twee plase bekom, Môreson en De Hoop in die Wolseley-area.

Elke plaas produseer sy eie vrugte en groente.

- De Keur: Appels, Pere, Nektariens, Kersies en Uie.
- Rocklands: Appels, Pere, Nektariens en Uie.
- Leeuwrivier: Appels, Pere, Nektariens en Uie.
- De Hoop/Môreson: Pere, Nektariens, Bloubessies en Uieplantjies.

In 2001 het Charl en Gys ook ‘n pakstoorfasiliteit in Bella Vista gekoop om die besigheid verder uit te brei. Die fasiliteit verpak al De Keur se vrugte, asook ander produsente se vrugte. Daar is ook ‘n pakstoorfasiliteit op Rocklands wat al De Keur se uie prosesseer en verpak.

.



*De Keur Pakhuis waar al die De Keur plase se vrugte verpak word.*





Die derde generasie het in die vroeg 2000’s by die besigheid begin aansluit en vervul verskeie rolle in die produksie-, verpakking- en bemarkingsafdelings van die Groep.

Hierdie generasie volg in Oupa Tippie se voetspore deur die verhoudings met hulle werknemers te respekteer en te koester. De Keur voorsien hulle gemeenskappe van die volgende sosiale fasiliteite:

- Opleiding/Ontwikkelingsgeleenthede
- Creche en Nasorgfasiliteite
- Sport en Ontspanningsfasiliteite
- Kliniekfasiliteite
- Akkommodasie/Verblyf




*De Keur het gazebo's geskenk aan Bella Vista Hoërskool, Laerskool Koue Bokkeveld, Skurweberg Sekondêre skool en Nduli Primêr*



*De Keur se #Trashtag Uitdaging in die gemeenskap om vullis op te tel.  Hier het hul 20 sakke in minder as 'n uur langs die pad bymekaar gemaak.*

Frupak is geleë op Bloubergweg aan die buite grens van Bella Vista. Die besigheid is gedurende 1999 deur Petri Fourie en Raymond Gibson begin. Petri en Raymond was 50% -50% aandeelhouers. In 2015 het Petri vir Raymond uitgekoop om 100% aandeelhouding te besit en in 2022 is dit steeds so.



*Huidige lugfoto*



*Vroeë lugfoto van Frupak*





Frupak doen die verpakking, verkoeling en versending van vrugte van ‘n hele aantal produsente in die Witzenberg-streek. Hierdie vrugte word vir ‘n aantal uitvoeragente gepak, onder meer Good Hope Fruit. Hulle werk slegs met steenvrugte en sagtevrugte soos appels, pruime, perskes, pere en Nektarines. Na die verpakking by Frupak stuur die bemarkingsagente die vrugte na binnelandse - en buitelandse markte.



Frupak het elke jaar ontwikkelingsplanne vir hul maatskappy. Hierdie jaar (2022) is hul paklyn vernuwe en oorhoofse brandbestryders is geinstalleer. In 2021 het hulle nuwe sonpanele ingesit sowel as 'n battery -stelsel.



*Die eerste deel van paklyn nr.2*

Frupak bied jaarliks werkskepping aan 300-350 mense. 80% is seisoenwerkers en die ander 20% is permanent in diens. Die seisoenwerkers werk vir 10 maande van die jaar. Frupak bied opleidingsgeleenthede aan sy personeel aan deur NOI. Hulle het ook 'n Frupak krieket span, wat aan die pakhuis liga deelgeneem het. Verder ondersteun hulle ook die Frupak netbalspan, wat aan die netbal liga deelgeneem het in 2022.



# BELLA FRUTTA PAKHUIS

Bella Frutta is geleë in Boerneefstraat 7, Bella Vista. Die naam Bella Frutta beteken “mooi vrugte”.



Op 10 Oktober 2013 het Arborlane Boerdery, Ceres Remhoogte Boerdery, ZZ2 Ceres en Lakenvlei Boerdery saam met die bemarkingsmaatskappy Core Fruit, Koue Bokkeveld, vergader om die lewensvatbaarheid van ’n pakhuisprojek te bespreek.

Op 23 November 2013 is die eerste amptelike vergadering van die Groep gehou en daar is besluit om die pakhuis op te rig en ‘n loodskomitee is saamgestel om die projek te dryf.

Die  loodskomitee het bestaan uit WP van der Merwe (voorsitter), Retief Cillie, Stokkies Hanekom en Louis Gilliomee.




Lede van die direksie: Bo: *WP van der Merwe, Sakkie du Toit, Wilhelm van Wyk*
*Onder: Nico van der Merwe, Retief du Toit, Stokkies Hanekom, Thomas Mouton*

Onderhoude is op 15 Januarie 2015 vir die aanstel van 'n bestuurder gehou. Op 1 Maart 2015 het die huidige Uitvoerende hoof, Hendrik Claasen, die pos gevul en die pad saam met die loodskomitee gestap.

Die grond in Skoongesig is van die Witzenberg Munisipaliteit gekoop en die fasiliteit is in 2015 opgerig. Die amptelike opening was op 19 November 2015.



*Van links: WP van der Merwe, Retief du Toit, Wilhelm van Wyk, Louis Giliomee, Nico van der Merwe.*






In 2017 het De Straadt Boerdery, wat deel van Ceres Remhoogte Boerdery was, die aandele in hul naam gevestig en is hulle dus 'n aandeelhouer.

Huidige aandeelhouers: Core Fruit, Arborlane, Koppieshoogte, De Straadt, ZZ2 en Lakenvlei.



*2015 paklyn*





*Die eerste boks appels wat hier gepak is. Van links verskyn Louis Giliomee, WP van der Merwe, Wilhelm van Wyk, Retief du Toit, Nico van de Merwe en Sakkie du Toit.*

.



*Derde sorteerlyn by verpakkingsaanleg*

Bella Frutta spesialiseer in die verpakking van hoë gehalte verpakking van kernvrugte, m.a.w. appels en pere. Core Fruit is die alleenbemarker van al die vrugte wat deur die produsente gelewer en verpak word.  Bella Frutta se fokus is om die maksimum getal gehalte kartonne vrugte uit te voer. Die plaaslike mark word ook bedien.



Core Fruits het meer as 300 buitelandse kliënte. Die vrugte wat deur Bella Frutta verpak is, gaan deur 85 hawens. Hulle verskaf vrugte aan:

*Europa: Lidl/Edeka/Rewe/Aldi, UK: Tescos/Morrisdale/Marks&Spencer*

*Canada: Metro/Sodeys, Midde Ooste: Spinneys, Verre Ooste: ParknShop*

*China, Afrika*

Bella Frutta het in 2016, die eerste jaar, 71,753 grootmaathouers verwerk. In 2019 is meer as 100,000 gmh's verwerk. Dit het veroorsaak dat die kapasiteit reeds in daardie stadium vergroot is. In die huidige seisoen sal die getal nader aan 150,000 gmh's wees. (2022)



Bella Frutta kyk nog na verdere uitbreidings en wil addisionele grond bykoop en ondersoek moontlikhede om die besigheid doelmatig en effektief uit te brei.

Bella Frutta is gebou in die Bella Vista omgewing om werkskepping na aan die mense/werkers se huise te vestig. Tans (2022) verskaf die onderneming aan ongeveer 600 mense werk. Bella Frutta het by Mooi Uitsig betrokke geraak en wel met die Reading Eggs-program van die Click Foundation. Tans is hulle die grootste bydraer tot die positiewe resultate van vroeë kinderontwikkeling, rekenaargeletterdheid en toename in leesvaardigheid met begrip. Hulle is trots op hul verhouding en samewerking met die skool en die vordering en ontwikkeling wat geskied. Die skool het 'n ten volle toegeruste rekenaar-klaskamer met hoë vlakke van gebruik en leer wat plaasvind.



*Reading EGGS program by Mooi Uitsig Primêr*

Bella Frutta is uiteraard ook betrokke op ander maniere om sy mense te ontwikkel deur sportdae, danse, sangkompetisies, ensovoorts



*Bella Frutta koor*




Procare is by Bella Frutta ingeskakel om om te sien na die emosionele welstand van die werksmag. Die een-tot-een gesprekke deur professionele mense breek oop die seer en ander faktore wat werknemers terughou. Dit maak dat hulle begin praat oor probleme en begelei word om hul eie lewens in oënskou te neem. Daardeur kan hulle in hul eie menswees groei en besef dat hulle van waarde is en dit kan leef. Hulle volg ook 'n Serpa-program met 'n afdeling wat op meer betrokkenheid fokus en hulle kan aanspreek of aanmoedig om meer te doen. Bella Frutta het ook 'n Sosiale- en Etiekkomitee wat drie keer per jaar vergader en alle aspekte van die besigheid dophou om te verseker dat sosiale en arbeidspraktyke in plek is en in stand gehou word.


BELLA FRUTTA
PACKHOUSE


BELLA FRUTTA
PACKHOUSE

# VERENIGDE GEREFORMEERDE KERK

*Sondag 28 Mei 1978*

6.30 nm. Dankdiens gelei deur Dr. H.M. Beets en Evangeliste E.S. Gordon en A. Fransman.

NEDERDUITS GEREFORMEERDE SENDINGKERK IN SUID AFRIKA



BOUKOMMISSIE

*(Voor) Van links na regs*

Broeder K. Hardneck, (Skriba) Ds. C.H. Steenkamp, Dr. H.M. Beets (Voors.), Broeder A. Mars, Ds. J.N. Boshoff.

*(Agter) Van links na regs*

Broeder P. Slinger, Broeder A.S. Booysen, Broeder D. Adams, Broeder A. Fransman, Mnr. W.C. van Zijl.

Afwesig: Mnr. J.F. Steenkamp

# *Ned. Geref. Sendingkerk*
# *Ceres*

*Inwyding van nuwe Kerksaal*
*te Bella Vista*

*27 Mei 1978*



*Ps. 118 : 23 "Dit het van die Here gekom; dit is wonderbaar in ons oë."*

## *Program*

## *Inwydingsdiens:*
## *Saterdag, 27 Mei 1978*
## *14h30 (2.30 nm.)*

A *VOOR DIE SAAL*

1. Gemeente en belangstellendes vergader voor hoofingang van gebou om 14h 30 (2.30 nm)
2. Dankgebed deur Ds. J.W. van N. Coetzee.
3. Lofsang: Gesang 371 : 1 en 8.
4. Onthulling van Hoeksteen deur Dr. H.M. Beets.
5. 'n Kort woord deur die Argitek, Mnr. D.G. Daniels.
6. Oorhandiging van sleutels deur die bouer Mnr. J.D. Alberts aan Mev. C.S. Beets, Mev. Petronella de Vries- Greeve en Mev. M.E. Goliath.
7. Ontsluiting van hoofdeure deur Mev. C.S. Beets en Mev. Petronella de Vries- Greeve. Ontsluiting van sydeur deur Mev. M.E. Goliath.
8. Gemeente en belangstellendes gaan die saal binne onder spel deur Basuinekoor. (Gesang 112 : 1, 3 en 4.)

B *BINNE DIE SAAL*

9. Gesamentlike koor sing "O loof en prys die Heer" o.l.v. Mnr. H.D. Wildschutt.
10. Oorhandiging van Kanselbybel ('n Geskenk van Dr. P.G. Kunst uit Nederland.)
11. Verwelkoming: Dr. H.M. Beets.
12. Votum en Seëngroet.
13. Gemeente sing: Gesang 369.
14. Skriflesing en Gebed: Ds. J.N. Boshoff.
15. Wydingsrede: Ds. C.H. Steenkamp.
16. Dankgebed: Ds. J.J. du Plessis.
17. Koor van Bella Vista sing o.l.v. Mnr. P. Slinger.
18. Boufondskollekte terwyl orrel speel.

19. *GELUKWENSINGE*

19. 1 Mev. Petronella de Vries-Greeve namens Nederland.
19. 2 Ds. J.N. Boshoff namens Moedergemeente Ceres en Moedergemeente Ceres Vallei.
19. 3 Sy Agbare die Burgemeester Raadslid J. Steyn namens Ceres.
19. 4 Ds. J.J. Mouton namens Ring van Tulbagh.
19. 5 Verteenwoordiger van Susterkerke: Rev. H. Wiggett

20. Gesamentlike koor sing "Halleluja sing 'n lofsang".
21. Bedankings deur Dr. H.M. Beets.
22. Gemeente sing Gesang 263 : 1, 3.
23. Seën.
24. Gemeente verlaat gebou terwyl Basuinekoor speel.

C. *VERKOPING:*

Verversings te koop uit Nuwe Saalkombuis ten behoewe van die Boufonds.

